



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 26 September 2021

Vanoggend se erediens

Tema: 'n Gelukkige mens (die soektog na vreugde)

Skriflesing: Psalm 37:3-4

Nuwe kerkraadslede verkies

Die kerkraad het Dinsdag op sy vergadering die volgende kerkraadslede verkies:

Ouderlinge:

Freda Venter (wyk 2), Amanda van der Westhuizen (wyk 4), Ria Wilke (Ons Woning), Alid Hugo (Leeukuil), Gerhard Venter (Modderivier-Oos), Mauritz Kotzé (Swartkoppies)

Diakens:

Kobus Moolman (wyk 1), Annamari Dercksen (wyk 2), Anna-Marie Terblanche (herkies wyk 6), Jean Sheppard (Leeukuil), Gerdus Venter (Modderivier-Oos), Marnus Nel (herkies Emmaus), Stefan Bester (Swartkoppies)

Ander:

Administrasie: Dirk Terblanche; **Jeug:** John-John van Niekerk

Baie geluk aan julle almal. Ons bid vir leiding met julle antwoord. Die bevestiging sal (DV) op 14 November plaasvind.

Ons Program

Vandag

- ☞ **Informele kinderdien** om 9:30 olv ds. Zilke Mahabeer van Universitas
- ☞ **Sondagskool – Geen**
- ☞ **Deuroffer:** Engo
- ☞ **Verversing:** U is welkom om na die erediens 'n verversing te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Wyk 3 wat gesorg het vir die verversings.

Sondag 3 Oktober

- ☞ **Formele erediens** om 9:30 (*predikant sal deurgegee word id week*)
- ☞ **Sondagskool**
- ☞ **Deuroffer:** Sinodale Pensioenfonds
- ☞ **Verversingsbeurt:** Modderivier Wyk

Gebedswagweek

Hierdie week is weer 'n gebedswagweek. Skakel gerus vir Lulu Hugo (083 309 7277) as jy wil inskakel.

Oktober - Tiende Maand insameling

Die kerk se Augustus maand insameling het verskuif na Oktober, *die Tiende Maand*.

Die indeling van die bydrae is soos volg:

- ☞ 1/3 Vir Bybelverspreiding
- ☞ 1/3 Vir Sending
- ☞ 1/6 Vir Ons Woning en
- ☞ 1/6 Vir Ons Kinderhuis

Bydraes kan soos altyd Sondae in die kollekte-bordjie gegooi word, by die kerkkantoor inbetaal word of elektronies oorbetaal word met die verwysing: Voorletters+Van+10de maand



Ons lees saam die Bybel

Bybellees-program

Ds Jaco gaan die Bybellees-program vir eers opskort tot ná sy siekteverlof. Dankie vir almal wat so getrou saamlees.

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 48: Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is oral teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

EK glo ...

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

September

- 26 Jan Steenkamp
- 27 Christoff Human
- 28 Cecile Labuschagne
- 30 Annatjie Coetzee

Oktober

- 1 Frikkie Botha (91j)

Huweliksherdenking

- 26 Poenie & Adeline Badenhorst (12j)



Nuwe lidmate:

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate:

- ✍ Joyce Strydom van Ons Woning-wyk
 - ✍ John John en Sonja van Niekerk van Emmaus-wyk
- Baie welkom, mag julle baie gelukkig wees hier by ons!

Voorbidding

- ✍ Ons bid vir almal wat deur die vernietigende **veldbrande** van die afgelope tyd geraak is.
- ✍ Mense wat direk deur **Covid-19** geraak word, hetsy self siek, of in kwarantyn vanweë kontak, of wat 'n dierbare afgestaan het aan die dood.
- ✍ **Ds Jaco** gaan Dinsdag vir 'n groterige operasie om 'n kwaadaardigheid te verwyder. Hy gaan daarná vir ses weke afgeboek word.
- ✍ **Hannes Nieuwoudt** – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✍ **Bennie du Toit** is steeds op 'n ventilator agv Covid.
- ✍ **Wynand en Fredrika van der Berg** – seun Wynand is oorlede.

Bybels in die Voorportaal

Daar is Bybels gratis beskikbaar in die Voorportaal van die kerk. Gemeentelede is meer as welkom om van die Bybels te neem indien hul weet van iemand wat 'n Bybel nodig het.

Dankbaarheid

My genade is vir jou genoeg

DIE woorde My GENADE IS VIR JOU GENOEG het vir lank in my lewe 'n verkeerde betekenis gehad. Ek het vir lank gedink dat dit maar net 'n uitdrukking is om goeie dinge wat met jou gebeur te verwoord. Na my bekering en ontmoeting met God het ek begin verstaan dat MY LEWE en alles rondom dit eintlik net genade van God is omdat Hy my uitgekies het om Sy kind te wees. Vandag, as daar iets met my gebeur wat my aan Sy genade herinner, dan loop ek oor van dankbaarheid en blydskap. Dankbaarheid en blydskap omdat ek weet waar dit vandaan kom en dat dit nie net 'n belofte is nie maar 'n teken van God se oneindige liefde vir my.

Ek deel graag die getuienis oor een so 'n genadegawe wat Vader aan my betoon het wat sonder enige twyfel wys op Sy verbondenheid met my en Sy liefde vir my. 'n Tydjie gelede was ek op 'n kursus waar sake oor familieverhoudings behandel is en gedurende die lesings het 'n gedagte by my opgekom dat ek vir my seun André

moet bid. André en sy vrou bly in die Kaap en ek was op daardie stadium onseker oor hoe, wanneer en waar ek dit moet doen. Ongeveer 9 uur daardie selfde aand toe ek van die kursus wegry het ek geworstel met die gedagte en vir Vader gevra dat as dit van Hom af kom, hoe ek dit moet doen. Moes ek op daardie oomblik stop en bel, of moes ek dit die volgende dag doen? Wat moet ek vir hom sê en waarvoor of waarom moet ek bid? Tog het ek geen antwoord gekry nie. By die huis gekom het ek dit vir Elize vertel, ons het dit bespreek en ook die gedagte oorweeg om Kaap toe te gaan en dan daar te gaan bid maar omstandighede sou dit a.g.v. finansies en my skoonsuster wat terminaal siek is en by ons woon nie toelaat nie. Ons het toe besluit om daarvoor te bid en te wag en kyk wat gebeur. Ons het dit met niemand bespreek nie en die naweek ingegaan met afwagting.

Maandagoggend agt-uur klop iemand aan my deur en toe ek oopmaak staan daar 'n man wat ek net so verlans ken en hy vra hoe dit gaan. Terwyl ek antwoord haal hy 'n rol R200 note uit sy hemsak, gee dit vir my en sê dat die Here het vir hom gesê het om dit vir my te gee en dat ek sal weet wat om daarmee te doen. Ek was stomgeslaan en het die persoon net aangegaaap en hy het geloop. Nog baie onseker het ek hom later weer geskakel en hy het dieselfde herhaal. Dieselfde middag het my skoonsuster vir my vrou gesê dat sy baie graag vir haar kinders in Vereeniging wil gaan kuier en dat sy geld daarvoor gespaar het en gevra dat my vrou vir haar plek op die bus vir die komende Woensdag moet bespreek. Dis gedoen en Woensdag is sy weg en Donderdag is ek en my vrou weg Kaap toe. Vrydagaand het ons vir die kinders van die opdrag om vir hulle te bid vertel, dit gedoen en hul dankbaarheid ervaar. Ons skoondogter het gemeld dat hulle deur moeilike tye gaan maar dat hulle volkome vertrou dat Vader als sal onderhou. Ek verstaan nog steeds nie hoekom God dit van my verwag het nie, kan nie eers onthou wat ek gebid het nie maar weet net dat dit nodig was. Die kinders woon steeds in die Kaap en dit gaan baie goed met hulle.

Maandag is ons terug huistoe, my skoonsus het ook teruggekom en die lewe het aangegaan. Daardie bondel geld wat die gehoorsame vriend in my hand gestop het was presies genoeg vir die hele ekskursie en dit herinner my aan wat in die Woord staan dat God alles wat hy in gedagte het volledig in stand sal hou.

Phillip du Plessis

Leraar:	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		